

# Nuwe Lied Bediening

*Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.*

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, Die Gesalfde Een, die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

**Yeshua is die hart van die Vader!**

## Parashah 10: Miketz – Aan die Einde

*Dit het gebeur dat Faraó twee jaar later gedroom het: let op, hy staan by die rivier. Gen. 41:1<sup>1</sup>*

**Torah :** Gen. 41:1 tot 44:17

**Haftorah:** 1 Kon. 3:15 tot 4:1

**Nuwe Verbond:** Matt. 7:2; Luk. 4:16 tot 31

**Skriftestudie:** Die Verbond en die Torah: Deel 6 staan oor tot volgende week.

**H**ierdie notas is aanvullend tot die vorige vier jaar se notas vir Parashah 10 wat afgelaai kan word by: [http://nuwelied.info/?page\\_id=1182](http://nuwelied.info/?page_id=1182)

*The twister, the Liar and deceiver, hides Truth in the most obvious places, and even out in plain sight. But, it takes the Presence of the Spirit of Yahuwah to open one's eyes to see it clearly. Such is the mystery of fantasy – it is illusionary – sentimentally playing on the mind and emotions – yet all the while working like a deadly intruder to kill, steal, and destroy – Yedidah.*

*Opportunity may knock only once, but temptation leans on the doorbell – Anonymous.*

*Temptation usually comes in through a door that has deliberately been left open – Anonymous.*

*It's not the law of religion, nor the principles of morality that define our highways and pathways to God; only by the Grace of God are we led and drawn, to God. It is His grace that conquers a multitude of flaws and in that grace, there is only favour. Favour is not achieved; favour is received – C. Joy Bell C.*

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [gerrie@padwlewe.ch](mailto:gerrie@padwlewe.ch) gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

## Torah Bespreking

### Hersiening

In verlede week se Torahskriflesing het die fokus vanaf die individuele lewe van ons voorvaders verskuif na die seuns van Jakob, naamlik die begin van die twaalf stamme van die volk van Yisra'el. Dit was ook die begin van die geskiedenis van Josef wat ten spyte van teenspoed, geleef het op 'n wyse dat almal kon sien dat יהוה met hom was!!

Dit het ons herinner aan Yeshua se belofte in Joh. 14:23.

*Yeshua antwoord en sê vir hom: "As iemand My liefhet, sal hy My boodskap gehoorsaam en My Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom blyplek maak.*

Indien יהוה Yeshua by jou en my kom blyplek maak, sal Satan en sy bose magte vlug!! Maar dit vereis om uit liefde יהוה se Torah soos dit in die nuwe verbond openbaar word, te gehoorsaam!

Ons Torahskriflesing vir dié week is 'n voortsetting van die geskiedenis van Josef. Hierdie geskiedenis is bevestiging dat יהוה altyd in beheer is, al lyk dit uit menslike oogpunt nie so nie.

### God Is In Beheer!

Josef se lewe is vir ons 'n bewys van יהוה se onverdiende guns en dat Sy Raadsplan plan nie van stryk gebring sal word deur ons eie tekortkominge of selfs ons omstandighede nie. Die geskiedenis van Josef is ook bevestiging dat יהוה se tydsplan volmaak is en dat ons as mense nie altyd die groter prentjie van יהוה se plan sien of verstaan nie.

Josef is ook 'n voorbeeld van 'n geestelike groeiproses tot geestelike volwassenheid. Onderrig in Torah, asook ondervinding en wedervaringe het hom geleer hoe om meer as 'n oorwinaar te wees. Hy het geleer om in alle omstandighede op יהוה te vertrou en om getrou te wees aan יהוה se onderrig en instruksies. Josef is ons voorbeeld van geestelike volwassenheid!

Daarom het Yeshua gesê:

Jy moet daarom volmaak wees net soos julle Vader in die hemel volmaak is. Matt. 5:48.

Dit is om geestelik volwasse te wees tot die mate van die volgroeiheid van Yeshua, Die Gesalfde Een (Gal. 4:13). Die skrywer van die brief aan die Hebreërs stel dit soos volg in Heb. 13:20-21:

<sup>20</sup> Die God van vrede, vreugde, vergenoegdheid, gesondheid en voorspoed, wat die groot Herder van die skape, Yeshua, Die Gesalfde Een, ons Meester, deur die bloed van die ewige verbond uit die dood uit gebring het;

<sup>21</sup> Hy sal julle volmaak maak in elke goeie daad, om Sy wil te doen en Hy sal ín ons alles wat uitstekend is voor Hom, deur Yeshua, Die Gesalfde Een, aan Wie die lof, eer en grootheid toekom tot in tydlose ewigheid, uitvoer! Dit is waar!

Deur vertrou en gehoorsaamheid sal ons tot geestelike volwassenheid groei! Josef is ons voorbeeld!!

Hy was 17 jr oud toe hy as slaaf na Egipte geneem is. Hy was vir sowat 10 jaar onskuldig in die tronk. Te midde van alles wat met hom gebeur het, het hy egter gefloreer in sy verhouding met יהוה!! Gedurende Josef se jare van beproewing het hy as regverdige daaglik deur vertroue in יהוה gelewe. Josef het 'n Habukkuk-gesindheid gehad!

17 Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom faal en die lande geen kos produseer nie; die kleinvee uit die kraal afgesny word en daar geen beeste in die krale sal wees nie,

18 nogtans sal ek jubel in יהוה, ek sal in die rondte swaai van vreugde in die God van my verlossing.

19 יהוה-God is my Sterkte en Hy het my voete gemaak soos dié van herte en my laat staan op my hoë plekke om met snaarinstrumente Sy lof te besing. Hab. 4:17-19.

Beproewinge is dikwels 'n suiweringsproses waar jy jousef beter leer ken (dit ontbloot die hart) en dit is die tyd wat jou verhouding met Vader versterk word. Redding is deur vertroue, maar besnydenis van die hart kom dikwels deur beproewinge wanneer die sondige vlees oorwin word.

Die sterwe van die eie-ek (selfisme) totdat slegs יהוה Yeshua sigbaar is, is die einddoel vir elkeen! Om beproef (Hebreeus: *tsaraf*) te word beteken gesuiwer, gelouter en veredel. Dit kan vergelyk word met 'n silwersmid wat in sy smeltkroes al die onsuiverhede verwyder (wegbrand) totdat hy sy selfbeeld in die gesmelte silwer kan sien! Ps. 66:10... *want U het ons getoets, o God, U het ons gelouter soos 'n mens silwer louter.*

Ek sal die derde deel deur die vuur bring, hulle suiwer soos 'n mens silwer suiwer en hulle toets soos 'n mens goud toets. Hulle sal My Naam (Karakter en Outoriteit) aanroep en Ek sal hulle antwoord. Ek sal sê: 'Hulle is My volk!' Hulle sal sê: 'יהוה is my God!' Sag. 13:9

Josef het geleer om יהוה-God in elke situasie waarin hy homself bevind het, te dien! Sekerlik kon Josef ook soos die Psalmdigter sê:

9 Hy wat ons in die lewe hou en nie toelaat dat ons voete wankel nie,

10 want U het ons getoets, o God, U het ons gesuiwer soos 'n mens silwer suiwer.

11 U het ons in die net ingebring, 'n las op ons heupe gelê.

12 U het ons slawe gemaak, ons het deur vuur en deur water gegaan, maar eindelik het U ons uitgelei na 'n bevredigende plek.

13 Ek sal in U huis ingaan met brandoffers; ek sal my geloftes teenoor U nakom,

14 wat my lippe geuiter het en my mond gepraat het toe ek in die moeilikheid was.

15 Vetgemaakte brandoffers sal ek vir U bring saam met die reukoffer van ramme; ek sal beeste en bokke offer.

16 Kom, luister en hoor, al julle diensknegte van God en ek sal verklaar wat Hy vir my lewe gedoen het. Ps. 66:9 tot 15.

Josef het soos sy vader Jakob en sy broers geweet van die profesie aan Abraham waarvan ons in Gen. 15:13 tot 16 gelees het:

13 יהוה sê vir Avram: "Weet verseker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in 'n land wat nie aan hulle behoort nie. Hulle sal slawe wees en onderdruk word vir vier honderd jaar lank,

14 maar Ek sal ook die nasie onder wie hulle slawe moet wees oordeel en daarna sal hulle uitgaan met baie besittings.

15 Wat jou betref: jy sal na jou vaders gaan in vrede, jy sal in 'n goeie ouderdom begrawe word,

16 maar na vier eeue sal hulle hierheen terugkom, want die boosheid van die Emoriete is tot nou toe nie volledig nie.”

Josef het ook nie die twee drome wat hy met sy vader en broers gedeel het (Gen. 37:5 tot 10), vergeet nie. Hy het bly glo dat יהוה hom geroep het om 'n spesiale taak te vervul. Josef het vasgehou aan sy droom!

*The past is your lesson and the present is your gift, but the future is your motivation! – Anonymous.*

*It is not the greatness of our troubles as the littleness of our spirit, which makes us complain – Hudson Taylor*

## **Bepeins of Bespreek**

1. Volgens die hedendaagse voorspoedleer wat deur talle denominasies verkondig word, sal Satan waarskynlik beskuldig gewees het van alles wat Josef oorgekom het. Dit sou waarskynlik geestelike oorlogvoering en “bevrydingsgebede” tot gevolg gehad het waar Satan en sy bose magte ‘gebind’ sou word! Maar was die onregverdige behandeling van Josef alles die werk van Satan?
2. Is dit Skriftuurlik om Satan en sy magte te bind of kan ons hulle bloot uitdryf? Matt. 16:19 word veral gebruik as bewys dat ons wel Satan en sy magte kan bind.

Ek sal aan jou (Petrus) die sleutels van die Koninkryk van die hemel gee en wat jy ook op die aarde mag vasbind, sal vasgebind wees, soos dit in die hemel reeds vasgebind is en wat jy ook op die aarde mag losmaak, sal losgemaak wees soos dit in die hemel reeds losgemaak is.

Dieselfde teksvers word dan ook gebruik om die seëninge in iemand se lewe ‘los te maak’ (te ontbind).

- 2.1. Ons moet egter hierdie teksvers in konteks lees en dit ook verklaar in die lig van eietydse spreektaal. Volgens Matt. 16:18 is dit duidelik dat Yeshua hier van die Koninkryk van die hemel praat toe hy vir Petrus gesê het: *en op hierdie rots sal ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie*. Hier is dit ook belangrik om daarop te let dat dit na die doderyk (die graf; *sh'ol*) verwys en **nie** na die hel (*hades*) nie soos dikwels verkeerdlik aangehaal word! Hier het Yeshua na die dood verwys wat oorwin is, want die regverdige sal uit die dood opstaan om saam met Yeshua te regeer!
- 2.2. Tweedens moet ons verstaan wat Yeshua bedoel het toe Hy vir Petrus gesê het: *Ek sal aan jou die sleutels van die Koninkryk van die hemel gee*. Dit was in daardie tyd die gebruik om aan iemand wat ‘gekwalifiseer’ het as ‘n kenner van die Tanakh en Torah om hom ‘n sleutel te gee wat hom toegang gegee het tot al die geskifte wat in die tempel in ‘n plek van bewaring toegesluit is. Hiermee het hulle sy outoriteit erken om die Skrifte aan ander te leer en te verklaar. So ‘n persoon kon dus onderskei wat is volgens die Skrifte reg en verkeerd, wat is rein en onrein en wat is

heilig en onheilig. Hy was iemand wat יהיה se woord van waarheid reg kon sny (2 Tim. 2:15).

2.3. Hierdie moet ook gesien word in die lig daarvan dat die Levitiese priesters die gesag gehad het om te verklaar of iemand melaats (onrein) is en of hy genees (rein) is (Lev. 13:3 en 23). Dit wat die priester besluit het, was dus bindend.

2.4. Volgens Matt. 16:19 het Yeshua dus aan Petrus die outoriteit (sleutels) gegee om die Koninkryk van die hemel te gaan verkondig – om dit oop te sluit. Dit is om die Koninkryk van die hemel op die aarde in die harte van mense te vestig, naamlik dat die Torah van die hemelse Koninkryk net so van toepassing is in die harte van mense en in die gemeente. Petrus het die outoriteit om te beslis of gebeure in die gemeente en of gelowiges se gedrag volgens die Torah van die Hemelse Koninkryk is of nie. Dit wat hy beslis het, naamlik vasgebind het, sal vasgebind wees, soos dit in die hemel reeds vasgebind is en wat hy ook op die aarde mag (goedkeur) losmaak, sal losgemaak wees soos dit in die hemel reeds losgemaak is. Petrus het dus die gesag gehad om te verklaar wie geestelik melaats (onrein) is en nie met die gemeente mag meng nie. So kon hy ook identifiseer wie geestelik rein is en deel van die gemeente mag wees, naamlik deel van die liggaam van Yeshua!

3. Indien dit waar is dat Satan en sy demone gebind kan word, moet die vraag gevra word: Hoekom is hulle nie almal al 'buite aksie' gestel nie, veral gesien in die lig van al die miljoene gebede waar Satan en sy demone reeds gebind is??

4. David Wilkerson het die volgende gesê:

*We sometimes go to God in prayer as if He were a rich relative who will support us and give us all we beg for, while we lift not even a hand to help. We lift our hands to God in prayer, and then put them in our pockets.*

*We expect our prayers to get God to working for us while we sit idly by, thinking to ourselves, "He has all the power; I have none, so I will simply stand still and let Him do the work."*

*There is nothing unscriptural about adding sweat to our tears.*

## **Haftorah Bespreking**

### **1 Kon. 3:15 tot 4:1 – Die Euwel van Afguns**

In hierdie week se Haftorah Skriflesing leer ons van die euwel en gevare van afguns wat ook as jaloesie, naywer of ywersugtigheid beskryf kan word. Dit sluit aan by die afgunstigheid van Josef se broers teenoor hom en die gevolge daarvan. Dit herinner ons aan die waarskuwing in Heb. 12:15.

Wees waaksaam dat niemand onder julle, sonder die onverdiende guns van God gevind word nie of dat 'n wortel van bitterheid ranke voortbring en jou skade aandoen en baie hierdeur besoedel word nie,

Afguns is 'n wortel van bitterheid wat groot skade aandoen en baie sal daardeur besoedel word – baie sal negatief daardeur beïnvloed word soos wat die geskiedenis van Josef bevestig. Hierdie week se Haftorahskriflesing is ook hiervan bevestiging!

Salomo het vir יהוה gevra om vir hom 'n opmerksame hart te gee om reg te spreek oor die volk en om te kan onderskei tussen goed en kwaad (1 Kon. 3:9). יהוה het hierdie versoek toegestaan en aan Salomo 'n wyse en verstandige hart gegee:

12 Let op, Ek het volgens jou woorde gedoen. Let op, Ek het vir jou 'n wyse en onderskeidende verstand, wil en emosie gegee sodat daar geen een soos jy vóór jou was en een soos jy ná jou sal opstaan nie. 1 Kon. 3:12.

Kort hierna het Salomo voor sy eerste toets te staan gekom!

- 16 Toe kom daar twee vroue, wat prostitute was, na die koning en staan voor hom.  
 17 Die een vrou het gesê: “Ag, my meester, hierdie vrou en ek woon in dieselfde huis en ek het geboorte gegee aan 'n kind terwyl sy in die huis was.  
 18 Dit het op die derde dag na ek geboorte gegee het, gebeur dat hierdie vrou ook geboorte gegee het en ons was saam. Daar was niemand anders by ons in die huis nie, slegs ons twee in die huis.  
 19 Hierdie vrou se seun het in die nag gesterf omdat sy op hom gelê het.  
 20 Sy staan toe in die middel van die nag op en vat my seun van langs my weg terwyl u dienaars slaap en sit hom aan haar bors en lê haar dooie seun aan my bors.  
 21 Toe ek die oggend opstaan om my seun te versorg, let op, hy is dood, maar toe ek in die oggend versigtig na hom kyk, let op, hy was nie my seun, waaraan ek geboorte gegee het nie!”  
 22 Toe sê die ander vrou: “Dit is nie so nie, want die lewendige een is my seun en die dooie is jou seun.” Die eerste vrou sê egter: “Nee, want die dooie een is jou seun en die lewendige een is my seun.” So het hulle voor die koning gepraat. 1 Kon. 3:16 tot 22

Die wyse wat Salomo die geskil wou oplos was deur die lewendige kind met 'n swaard in twee te deel en vir elkeen 'n helfte te gee! Hierop het die vrou van die lewendige kind gereageer omrede sy diep ontroerd was en gesê: *Ag, my meester, gee vir haar die lewendige kind en maak hom nie dood nie!* Die ander vrou het egter gesê: *Hy sal nie myne of joune wees nie; verdeel hom!* (1 Kon. 3:26). Hierop het Salomo gereageer en gesê: *Gee die lewendige kind aan die eerste vrou en maak hom in geen geval dood nie. Sy is die moeder* (1 Kon. 3:27).

Toe die hele Yisra'el hoor van die oordeel wat die koning uitgespreek het, was hulle bang vir die koning, want hulle het gesien dat die wysheid van God, om reg te laat geskied, in hom was. 1 Kon. 3:28.

Hoe het Salomo geweet wie die moeder van die lewendige kind was? Die antwoord vind ons in vers 23: *Die een sê: 'Hierdie is my seun wat lewe en jou seun is die dooie een,' en die ander sê: 'Nee, want die dooie een is jou seun en my seun die lewendige een.'*

Salomo se wysheid in hierdie situasie was sy insae in afguns. Eerstens het hy het geweet dat geen ware moeder sal toelaat dat haar kind dood gemaak word nie. Tweedens het Salomo geweet dat die gees van afguns die begeerte tot gelykheid is! Afguns is nie net die begeerte om dit te wil hê wat ander het nie, maar afguns is ook tevrede dat dit wat ander het, weggeneem word sodat ander dieselfde het as wat jy het.

Afguns word aangedryf deur 'n begeerte tot gelykstelling al beteken dit dat albei partye niks het nie. Daarom lees ons in vers 23 dat die moeder van die lewendige kind die klem op lewe geplaas het – *Hierdie is my seun wat lewe en jou seun is die dooie een;* terwyl die moeder van die dooie kind het die klem op dood geplaas – *Nee, want die dooie een is jou seun en my seun die lewendige een.* Die moeder van die dooie kind was bereid dat die lewendige kind ook



sterf sodat albei geen kind het nie! *Hy sal nie myne of joune wees nie; verdeel hom!* (1 Kon. 3:26).

Daarom is afguns (jaloesie, naywer) ook die bereidwilligheid om dit wat 'n ander besit, of die aansien en status wat 'n ander beklee, weg te neem, sodat niemand iets besit nie.

'n Afgunstige persoon kan nie vrede maak met die feit dat iemand anders meer as hy het nie, en word aangedryf om op gelyke voet met ander te wees ongeag wat dit vereis. Daarom is dit nie werklik vir 'n afgunstige persoon belangrik om dit te besit wat 'n ander het nie, of dit te wees wat ander is nie. Nee, wat werklik saak maak is gelykstelling met ander.

In die lig van bogenoemde kan ons die verband sien tussen hierdie Haftorah Skriflesing en die geskiedenis van Josef (parshah 9 en 10). Josef se broers was afgunstig op hom. Hulle afguns het hulle sodanig verblind en hulle harte verhard dat hulle geensins die gevoelens van hulle vader Jakob in ag geneem het nie. Hulle was bereid om vir jare hulle vader se verdriet oor Josef te aanskou, terwyl hulle die gees van afguns teenoor Josef in hulle harte bly koester het!

Ware liefde is nie afgunstig (jaloers) nie (1 Kor. 13:4). Jakobus skryf ook in sy brief: *want waar afguns en selfsug is, daar is wanorde en allerhande gemene dade* (Jak. 3:16). Afguns is deel van die lys van die werke van die vlees wat Paulus in sy brief aan die Galasiërs noem en dat die wat hieraan skuldig is nie die koninkryk van God sal beërwe nie

19 maar julle ken die dade van die menslike natuur; dit is: seksuele oortredings, onreinheid, wellustigheid,

20 aanbidding van afgode, towery, vyandskap, tweedrag, jaloesie, woede, hardkoppigheid, misleiding, valse leringe,

21 afguns, moord, dronkenskap, orgies en soortgelyke dinge en dat die wat hierdie dinge doen, soos ek vroeër gesê het en nou weer sê, nie die Koninkryk van God sal erf nie. Gal. 5:19 tot 21).

## **Bepeins of Bespreek**

1. Is afguns (jaloesie) altyd 'n negatiewe hoedanigheid? Wat van Ex. 34:14 wat lees: *Want jy mag jou nie neerbuig voor 'n ander god nie; want יהוה se Naam is Jaloers – 'n jaloerse God is Hy.* Paulus skryf ook in 2 Kor. 11:2 – *want ek is jaloers oor julle met God se jaloesie, want ek het julle afgegee om te trou met Een Man; om julle as 'n rein maagd aan Die Gesalfde Een voor te stel.* Wat van 'n man wat jaloers is op sy vrou? Is dit verkeerd? Kan die verskil tussen positiewe jaloesie (afguns) en negatiewe jaloesie soos volg verduidelik word? Positiewe jaloesie is om te begeer wat regmatig joune is en negatiewe jaloesie is om te begeer wat nie regmatig joune is nie?!
2. Het die verhaal van die twee prostitute enige profetiese betekenis van toekomstige gebeure? Verteenwoordig die twee vroue die twee huise van Israel? Is die een vrou die huis van Juda (Judaïsme) wat 'n kind (Messias) gebaar het en toe doodgemaak het, of is sy die huis van Efraim (die Christendom) wat die Hebreuse Yeshua 'doodgemaak' het en met 'n Griekse Jesus vervang het? Gaan die huis van Juda en die huis van Efraim in die einde van dae stry oor wie is Yeshua en aan wie 'behoort' Hy. Die grondwoord waarvan die naam Salomo afgelei is, is *shalom*. Gaan albei huise voor die Prins van Vrede, Yeshua Messias, verskyn sodat die saak besleg kan word?

## **Skriftestudie: Die Verbond en die Torah**

(Lering 6 staan oor tot volgende week)

-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!

Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*